DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – OKTOBER 2009

Gebedsfokus vir Oktober

Ons gaan gedurende Oktober in gebed op Sjina fokus deur vir die verskillende provinsies en geaffilieerde gebiede te bid. Sjina het die grootste bevolking ter wêreld, en daarom is dit nie 'n geringe taak wat ons vir onsself stel om vir hierdie nasie te bid nie. Sjina het die afgelope paar jaar hulle invloed tot baie nasies regoor die wêreld uitgebrei. Hulle voer hulle goedere daarheen uit, maar koop ook grond en gaan ooreenkomste aan om grondstowwe uit ander lande, veral Afrika, te bekom, om in sy bevolking se basiese behoeftes te help voorsien. Die statistiek en feite wat gebruik word om ons gebedsinligting te ondersteun, is hoofsaaklik verkry uit *Operation World*, 2001. Doen gerus self ook navorsing en moedig ander gelowiges aan om ook in gebed te verenig vir belangrike deurbrake vir die evangelie in hierdie nasie.

Donderdag 1 Oktober 2009

Gebedsfokus op kanker: *Nasionale Borskankerbewustheidsmaand*

Die *Nasionale Borskankerbewustheidsmaand (NBCAM)* organisasie is vanjaar 25 jaar oud. Hulle doelwit is om vroue op te voed en te bemagtig om beheer oor hulle eie borsgesondheid te neem deur gereeld self borsondersoeke te doen en om enige verandering te identifiseer, om gereeld hulle dokter te besoek en elke jaar 'n mammogram te laat doen, om die voorgeskrewe behandeling getrou te volg en die feite te ken i.v.m. die terugkeer van kanker. (Webruimte: http://www.nbcam.org/about_nbcam.cfm). Dank die Here vir baie wat Christene word te midde van die teëspoed wanneer hulle uitvind dat hulle kanker het. Bid asseblief dat kankerpasiënte almal Jesus sal ontmoet en Hom sal volg.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 1 – Oorsig van godsdiens in Sjina

Die Sjinese en baie ander minderheidsgroepe se godsdiens is hoofsaaklik 'n vermenging van volksgelowe, Taoïsme en Boeddhisme. 'n Statistiese opname van die Sjinese bevolking in 2001 het die volgende getoon: Nie-godsdienstig/ander, 49,58%, Sjinese godsdiens, 28,50%, Boeddhiste, 8,38%, Christene, 7,25%, etniese

godsdiens, 4,29% en Moslem, 2%. Akkurate statistiek oor Christene is nie beskikbaar nie. Dié 7,25% wat hier genoem is, is slegs 'n aanduiding van die merkwaardige werk van die Heilige Gees. Dank die Here vir wat Hy in Sjina doen en dat Hy die Kerk stelselmatig laat groei. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Vrydag 2 Oktober 2009

Gebedsfokus op die ekonomie: SA maatskappye vaar goed

Sewentien Suid-Afrikaanse maatskappye is ingesluit in die lys van 2 000 genoteerde topmaatskappye wat deur die Amerikaanse uitgewer, *Forbes,* saamgestel word. Een maatskappy het opgeskuif na 223, vanaf die 522ste plek verlede jaar, 'n verbetering wat toon dat Suid-Afrikaanse maatskappye ook nou vername spelers in die wêreldwye korporatiewe sektor is. (Webruimte: http://business.iafrica.com/features/1645164.htm). Dank die Here dat Hy gebede om die ekonomie te laat groei beantwoord het. Vra dat hierdie maatskappye hulle werknemers sal kan behou ten spyte van die probleme wat die wêreldekonomie tans in die gesig staar.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 2 – Wat gebeur in die Kerk?

Die groei van die Kerk in Sjina sedert 1977 het geen gelyke in die geskiedenis nie. Die effektiwiteit van Christelike radio word nou duidelik. Die "eenkindbeleid" het 'n groot impak op die gesinslewe gehad, soos blyk uit die volgende: 'n hoër egskeidingsyfer, 10 miljoen aborsies per jaar (feitlik almal dogtertjies), selfmoord (40% van die wêreld se selfmoorde is in Sjina). Aanneming van Chinese dogtertjies uit kinderhuise deur Chinese gesinne word nou toegelaat. In 2000 was daar 90 miljoen hubare mans; in sommige gebiede oorskry jong mans jong vroue se getalle met 30-40%. Bid vir gesinstabiliteit en -gesondheid. Bid ook dat 'n wyse beleid ingestel sal word wat die bevolking sal stabiliseer. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Saterdag 3 Oktober 2009

Gebedsfokus op Sjina: Dag 3 – Vervolging bly 'n realiteit

Die vlak van vervolging van mense in huiskerke wat nie bereid was om by die TSPM (regeringsinstelling) te registreer nie, het sedert 1996 toegeneem. Arrestasies (honderde in 1999), swaar boetes, gedwonge sluiting en die verwoesting van kerkgeboue (200 in 1997) het in sekere sleutelgebiede toegeneem. Bid vir Christene se volgehoue toewyding om oor Christus en Hom as die Gekruisigde te preek, ongeag die prys en sonder om kompromieë aan te gaan. 'n Verdere uitdaging is die wydverspreide tekort aan Bybels, studiemateriaal en leiers wat teologies goed opgelei is. Bid dat God baie godvresende mans en vroue as leiers sal oprig. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Gebedsfokus op Israel: Huttefees (Sukkot) – 3-9 Oktober

Hierdie fees gedenk die Jode se omswerwinge in die woestyn na hulle uittog uit Egipte toe hulle in tydelike tente of hutte moes woon (**Lev.23-24**). Messiaanse Jode (Jode wat glo dat Jesus (Yeshua) die Messias is) verstaan dat die *Huttefees* hulle leer dat, wanneer die Messias Jesus terugkom, 'n nuwe koninkryk opgerig sal word met Hom as Koning oor alle konings en Here oor alle heersers (**Op.19:11-16; 20:4; Lev.23:39-43; Matt.17:1-4; Heb.11:8-9**). (Webruimte: http://www.ucg.org/resources/calendar.htm). Bid dat die Joodse volk 'n openbaring sal ontvang van Jesus as die Messias wat reeds gekom het. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Sondag 4 Oktober 2009

Sake van die hart: Pasop wat jy doen en hoe jy dinge doen

In **Esegiël 16:30** praat God met die hele Jerusalem wanneer Hy sê: "Hoe siek is jy nie in jou binneste nie, dat jy sulke dinge aanhou doen het!" (Die Boodskap). Die Here praat in hierdie gedeelte oor die inwoners van Jerusalem wat afgode aanbid, altare vir hulle bou en selfs hulle eie kinders doodmaak deur hulle aan die afgode te offer. Hoe verder ons van God af leef, hoe meer versleg ons harte. As ons gedurende die week so sake doen dat mense nie

'n verskil sien in die manier waarop Christene en nie-Christene besigheid doen nie, is daar iets verkeerd. As ons ons huweliksmaat 'n bietjie verkul en dit net as 'n grap beskou, dan dien ons immoraliteit en nie reinheid nie. Vrees is 'n vorm van ongeloof - om nie te glo dat God beheer sal neem van 'n situasie nie: God het nie vir ons 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van liefde, krag en selfbeheersing (**2 Tim.1:7**). Vra die Here om vir jou die afgode wat jy dien uit te wys, en begin om hulle doelbewus uit jou lewe te verwyder.

Vader, ek bely dat party van hierdie dinge 'n werklikheid in my lewe is. Vergewe my dat ek dinge afmaak as nie so ernstig of belangrik nie, wanneer dit wel vir U van groot belang is. Wys asseblief hierdie week vir my die afgode in my lewe. Help my om ten volle te verstaan hoe U oor hierdie teenstrydighede voel. Here, bewaar my van die Bose in my lewe, wys my die regte pad en help my om my denkpatrone en manier van doen te verander.

Gebedsfokus op aborsie: *International Life Chain Sunday*
Christene hou vandag *International Life Chain Sunday* deur openbare standpunt in te neem vir die regte van ongebore babas. (Vir meer inligting, besoek: www.christianaction.org.za/courses-events/lifechain.htm). (Webruimte: http://www.lifechain.net). Bid dat moeders wat aborsie oorweeg, weer daaroor sal dink. Kom ons hou aan bid dat die Suid-Afrikaanse wette wat aborsie op aanvraag goedkeur, gewysig sal word.

Maandag 5 Oktober 2009
Gebedsfokus op redding: Bemarkingsagente
Hulle keer jou in inkopiesentrums voor met 'n bottel parfuum, probeer jou oor die telefoon oorreed om nou op die daad hierdie of daardie produk te koop, en stel voor jy kry 'n nuwe kredietkaart om mee vakansie te gaan hou of smous 'n begrafnispolis aan jou. Moenie weer kwaad word as jy een van hulle teëkom nie; onthou, hulle doen net hulle werk en probeer om 'n inkomste te verdien om hulle gesinne te voed. Bid dat Christene met deernis en geduld na hulle sal luister en die evangelie aan hulle sal bedien i.p.v. om kwaad te word.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 5
Die Kerk in Sjina groei: Die Kerk in Sjina is tans die Kerk wat wêreldwyd die vinnigste groei. Om in Sjina kerk toe te gaan, is nie maklik of sommer net 'n 'goeie idee' nie. Kerkbywoning in Sjina kan tronkstraf, marteling en selfs die dood beteken, a.g.v. die voortdurende vervolging daar. Dit lyk asof juis die vervolging van die Kerk in Sjina dit een van die sterkste kerkbewegings ter wêreld maak. Om kerk toe te gaan in Sjina beteken dat jy die Here Jesus tot die uiterste toe liefhet en baie seker moet wees dat jy aan Hom alleen toegewy is. Bid saam met ons dat die Kerk in Sjina sterk en toegewyd sal bly, selfs te midde van die gevaar van vervolging.

Dinsdag 6 Oktober 2009
Gebedsfokus op opvoeding: Druipelinge kos SA miljarde
Universiteitsdruipelinge in SA kos die belastingbetaler R1,3 miljard per jaar aan regeringsubsidies. Dit het die afgelope 6 jaar versleg omdat 35-40% van studente wat by tersiêre instellings ingeskryf het, gestaak het voordat hulle hulle studies voltooi het. Die internasionaal aanvaarbare koers is ongeveer 10%. (Webruimte: http://www.fin24.com/articles/default/display_article.aspx?Nav=ns&ArticleID=1518-1786_2452062). Baie studente staak omdat hulle nie meer vir verblyf, ensovoorts kan betaal nie. Bid asseblief vir God se voorsiening sodat studente hulle studies kan voltooi. Bid dat studente wat druip betyds hulp sal kry. Bid ook dat ander sal besef dat dit 'n kosbare geleentheid is om te kan studeer en dit sal aangryp.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 6 – Anhui-provinsie en Beijing-munisipaliteit
Die **Anhui-provinsie** is een van die armste provinsies in Sentraal-Sjina met 63 400 000 mense, van wie 0,5% Moslem en 11,6% Christene is. Die huiskerkbeweging is baie groter en daar mag dalk meer as 12 miljoen Christene wees! 'n Gebrek aan kerklike leierskap het aanleiding gegee tot die stigting van 'n aantal ekstremistiese of kettergroepe. Bid vir die opwekking van volwasse, godvresende leiers. Die **Beijing-munisipaliteit** is Sjina se hoofstad met 13 500 000 mense, van wie 4,4% Christene is. Sjina word vanuit Beijing regeer. Bid vir die redding

van regeringsleiers, vir wysheid, om sensitief te wees vir hulle mense se behoeftes en daarna om te sien en moed om die langvertraagde ekonomiese en politieke besluite te neem wat belangrik is vir die toekoms. Bid vir die evangelisering van alle gemarginaliseerde bevolkingsgroepe. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Gebedsgetuienis: Vrygewigheid wat uitkring

Radikale vrygewigheid lei tot die sink van meer boorgate in Afrika. Ali Eastburn is die uitvoerende direkteur en stigter van 'n organisasie wat bekend staan as *With This Ring.* Sy het tydens 'n vrouekonferensie hierdie plan vir die organisasie gekry. "Ek het in die vertrek rondgekyk en die ringe aan die vroue se vingers gesien, en ook my eie, en besef hoeveel rykdom ek aan my vinger het," vertel sy. "Daarom het ek besluit dat ek (natuurlik met my man se goedkeuring) my ring wou skenk. Ek het vir 'n vriendin daarvan vertel en sy het onmiddellik gesê: "Ek wil myne ook gee." Daardie twee diamante, sê sy, het die grondslag gelê vir 'n beweging van "radikale vrygewigheid".

Haar organisasie moedig ander aan om radikaal te gee: 'n trouring, 'n klasring of enige ander juweliersware. Party het selfs geld gegee na die verkoop van 'n motor of 'n huis. "Dit is nie dat mense skei en nie meer hulle ringe wil hê nie," verduidelik sy. "Die meeste van die tyd is dit iemand wat haar man baie liefhet en besef dat sy $7 000 tot $8 000 (tussen R60 000 en R70 000) aan haar vinger het en dat hulle daarmee 1 500 mense se lewens kan red." *With This Ring het reeds* fondse voorsien vir die boor van agt skoonwatergate in Afrika met nog vyf in die pyplyn. (Webruimte: http://www.onenewsnow.com/Culture/Default.aspx?id=501482).

Woensdag 7 Oktober 2009

Gebedsfokus op openbare veiligheid: Onpadwaardige voertuie

Vanaf Januarie tot middel April is 209 onpadwaardige voertuie verbied om op 'n openbare pad gebruik te word. Onder hulle was daar 20 langafstandbusse. Bestuurders van 171 voertuie is beboet vir foutiewe remme, 574 vir gladde bande, 259 vir ongelisensieerde voertuie en 1 447 vir ander foute. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=181&art_id=nw20090504164251974C644099). Bid asseblief dat die verkeersdepartement hulle werk meer effektief kan doen en die veiligheid op ons paaie verseker.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 7 – Chongqing-munisipaliteit en Fujian-provinsie

Die **Chongqing-munisipaliteit** is Sjina se nuutste munisipaliteit en die industriële en handelskern van die land. Dit is ook een van die 10 mees besoedelde stede ter wêreld as gevolg van die oormatige gebruik van steenkool. Dit het 'n bevolking van 31 200 000. Slegs 2,6% is Christene. Bid vir die groei van Christen-uitreike in hierdie strategiese, maar geestelike behoeftige stad. Die **Fujian-provinsie** is aan die kus teenoor Taiwan, met 'n bevolking van 34 300 000, met 0,1% Moslems en 10,7% Christene. Boeddhisme en Taoïsme het herleef en meer as 20 000 tempels is onwettig gebou of gerestoureer. Bid dat die miljoene wat soekend is, na Jesus sal kom. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Donderdag 8 Oktober 2009

Gebedsfokus op kanker: Alkohol verbind met kankerrisiko by vroue

'n 7-Jaar lange studie op meer as 1,2 miljoen middeljarige vroue het getoon dat vroue wat so min as een glasie alkohol per dag gebruik, 'n aansienlik hoër risiko vir kanker het as vroue wat glad nie drink nie. Hierdie studie is van die eerste wat lae tot gemiddelde drankgebruik met ander soorte kanker by vroue verbind. (Webruimte: http://www.health-e.org.za/hiv/index.php?PHPSESSID=8f63e05a1). Hou aan bid dat vroue wat kanker het, vir Christus sal ontmoet. Bid ook dat mense goeie rentmeesters van hulle gesondheid sal wees.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 8 – Gansu-provinsie en Guangdong-provinsie

Die **Gansu-provinsie** is Sjina se armste provinsie met 25 700 000 mense. Die getal Moslems is 6%, Lama Boeddhiste 1,7% en Christene 1,9%. Bid by name vir die mins-geëvangeliseerde bevolkingsgroepe: die Dongxian,

Bonan en Enger Yugur is sterk Moslem met, sover bekend, geen Gelowiges nie. Daar is groot getalle Moslem Hui, met slegs 'n handvol Gelowiges in die stad Linxia. Die 400 000 Tibettane is hoofsaaklik Boeddhiste. Daar is een Tibettaanse kerk. Die **Guangdong-provinsie** lê aan die suidooskus en het 'n bevolking van 72 409 000. Die godsdiens daar is oorwegend sekularisme en tradisionele Sjinese godsdienste, met 1,4% Christene. Guangdong was die eerste provinsie wat in 1807 deur Protestante geëvangeliseer is. Christenskap word steeds as 'n vreemde, indringer godsdiens beskou en reaksie op die evangelie is relatief beperk. Bid vir die verwydering van alle menslike en nie-menslike struikelblokke sodat baie mense na Christus sal draai. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Vrydag 9 Oktober 2009

Gebedsfokus op opvoeding: Internet in afgeleë gebiede

'n Maatskappy het ses skole in die afgeleë gebiede van KwaZulu-Natal gehelp om Internet-toegang te verkry (Webruimte: http://www.scidev.net/en/new-technologies/features/rural-internet-not-online-but-still-connected.html). Dank die Here hiervoor. Vra dat baie meer skole soortgelyke fasiliteite sal kry en dat dit vir hulle moontlik sal word om moderne tegnologie te bemeester.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 9 - Guangxi Zhuang Onafhanklike Gebied en Guizhou-provinsie

Die **Guangxi Zhuang Onafhanklike Gebied** is die kusstaat in die mees suidelike vastelandse gebied; dit grens aan Viëtnam en het 'n bevolking van 47 800 000. Minderheidsgroepe hang hoofsaaklik Sjinese godsdienste en animisme aan, met 1% Christene. Die groei van Christene onder die Thai-verwante Zhuang en ook onder die Han gee ons rede tot lof! Bid vir konstante groei en die voorsiening van leiers. Bid vir die evangelisasie van elke volk in Guangxi. Bybelvertaling vir die meeste volke moet nog begin en die Zhuang Nuwe Testament is ook nog nie voltooi nie. Bid asb. vir mense om dit te doen en vir hulle geestelike beskerming. Die **Guizhou-provinsie** in die suidelike binneland is arm en onderontwikkel en het 'n bevolking van 37 000 000. Boeddhisme, gemeng met politeïsme en animisme, is sterk onder etniese minderheidsgroepe. Die getal Moslems is 0,4% en Christene 3,9%. Dank God vir die verstommende groei van die Kerk in sommige areas. Daar is steeds 'n tekort aan opgeleide leiers en die uitdaging om onbereikte groepe met die Evangelie te bereik, is groot. Bid dat plaaslike sowel as buitelandse Christene na hierdie onbereikte volke sal uitreik. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Saterdag 10 Oktober 2009

Waterkrisis: dringende gebed word gevra

Siektes wat deur onveilige drinkwater opgedoen word, veroorsaak tans die dood van baie meer mense as wat in oorloë sterf. *Living Water International (LWI)* vra vir die mobilisering van meer gebed oor die hedendaagse wêreldwye waterkrisis. (Webruimte: http://www.MNNonline.org/article/12279). Waterbesoedeling is ook 'n probleem in Suid-Afrika. Bid dat oplossings spoedig gevind sal word om water wêreldwyd op 'n koste-effektiewe manier te suiwer. Bid vir die Here se guns sodat Suid-Afrika so 'n oplossing sal vind.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 10: Hainan- en Hebei-provinsie

Die **Hainan-provinsie** lê teenoor Viëtnam en is Sjina se kleinste provinsie met 'n bevolking van 7 594 000. Daar is 'n mengelmoes van veelgodery, Boeddhisme en Taoïsme onder die inheemse bevolking. Die getal Christene is 4,6%. Baie kom tot redding in Christus, met 'n jaarlikse verdubbeling tot 360 000 Gelowiges. Daar is talle huiskerke, maar daar is verdeeldheid onder Christenleiers. Bid dat die Christene effektiewe getuies vir die immorele gemeenskap sal wees. Bid vir die Utsat, Sjina se enigste Maleisiese volksgroep. Hulle is almal Moslems en sover bekend is daar geen Gelowiges nie en daar is ook geen planne om hulle te bereik nie. Die **Hebei-provinsie** in Noord-Sjina omring feitlik die hele Beijing en het 'n bevolking van 67 415 000. Die mense hier beoefen tradisionele Sjinese godsdienste en ander is sekulêr. Die Moslems is 1,4% en Christene 4,0%. Hebei is een van die provinsies met die strengste wetgewing teen Christene en Christene het oor die afgelope twee

dekades baie gely. Bid vir genade en groter vryheid vir Christene in hierdie strategiese provinsie. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Sondag 11 Oktober 2009

Sake van die hart: Hou net op!

In **Esegiël 18:30-31** roep God letterlik tot Israel uit: *Bekeer julle, bekeer julle van al julle oortredings, sodat die sonde nie julle val bewerk nie. Laat vaar al julle oortredings en kry 'n nuwe gesindheid, 'n nuwe gees ... Dit is nie My wil dat die mens moet sterf nie ...* Satan wil hê ons moet God sien as 'n verskrikking wat wag om oor ons los te bars as ons 'n voet verkeerd sit. Maar God roep tot ons om ons daarvan te weerhou om selfs 'n klein voetjie verkeerd te sit, want Hy weet presies hoe gretig Satan is dat ons dit moet doen, sodat hy ons lewens heeltemal kan verwoes en ons laat glo dat God onregverdig is. God se uitnodiging is: *Kom na My, kry 'n nuwe hart en jou gees sal vernuwe word, want Ek, God, wil hê dat jy moet lewe.* Die boodskap kan nie eenvoudiger wees nie. Neem vandag 'n besluit om God te glo. Hy is lewe. Laat vaar die dinge waaraan jy vashou wat jou lewe verwoes.

Vader, vergewe my dat ek glo wat die duiwel oor U sê. Ek is jammer, Here. Ek wil vandag die dinge laat los wat my laat sondig en wat verwoesting in my lewe saai. Verlos my van die Bose, wys my geregtigheid en lewe, want ek wil nie sterf nie, ek wil U in al my weë volg.

Vroue wat bid: Hoe bid ek wanneer ek 'n ongeneeslike siekte het (enkele riglyne)

Daar is min mense wat nie iemand ken wat 'n ongeneeslike siekte het nie en daar is baie wat self aan 'n ongeneeslike siekte ly. Sommige ongeneeslike siektes het 'n geringe invloed op mense se lewens en ander het 'n groot beperkende invloed. Hoe bid ek vir myself wanneer ek aan 'n ongeneeslike siekte ly of wanneer ek vir iemand anders wil bid wat aan 'n ongeneeslike siekte ly?

- Dit is belangrik om 'n onderskeid te maak tussen terminale en ongeneeslike siektes. Ongeneeslike siektes lei dikwels tot terminale siekte.
- Maak vrede met die feit dat jy 'n ongeneeslike siekte het. Dit beteken nie dat jy nie moet bid vir genesing nie. Jy moet en kan steeds bid vir genesing. Jy moet egter eers aanvaar dat jy 'n ongeneeslike siekte het voordat jy vir genesing begin bid. Aanvaarding bring berusting en versterk jou vertroue in God, ongeag van wat die situasie is.
- Wanneer iemand 'n ongeneeslike siekte het, moet so 'n persoon so gou moontlik vrede maak met die basiese feit dat hy/sy, soos enige ander mens, op een of ander stadium gaan sterf, of dit van die siekte self is of nie. Maak vrede met die dood. Hoe gouer jy dit doen, hoe gouer kom daar vrede en kan 'n mens voluit lewe. Bid totdat jy deurgebreek het, totdat jy vrede het, totdat jy kan sien dat dood nie die einde van die pad is nie, maar dat hierdie lewe die begin van die ewige lewe is.
- Jy mag natuurlik bid vir genesing. God genees en jy mag self vir genesing bid en vir ander vra om vir jou vir genesing te bid. Maar solank as wat jy nie daardie genesing ontvang nie, kan en moet jy steeds voluit lewe. Moenie toelaat dat die begeerte na genesing jou lewe oorheers nie, bly fokus op God.
- Leer om God op 'n nuwe manier met jou lewe te vertrou. Maak seker jy bly in God glo. In hierdie situasie moet jy God se karakter dieper leer ken en verstaan, dat Hy goed, genadig en vol liefde is. Dit is dikwels vir mense moeilik om dit te begryp. Dit is egter wanneer ons begin verstaan wie God is en hoe God is, dat dit vir ons help om Hom met ons siekte te vertrou.
- Baie mense word opstandig, verwyt God, raak kwaad vir God, sien Hom as genadeloos en liefdeloos, voel dat God hulle in die steek gelaat het, verval in depressie en kan of wil God nie meer glo nie of laat bitterheid in hulle lewens toe. Die begin van oorwinning is om hierdie en ander emosies voor God te erken. Bely dit voor Hom. Dit lei meestal tot 'n geestelike worsteling met God. Bly in gesprek met God, al is dit 'n moeilike gesprek en al oorweldig jou emosies jou. Moenie ophou om jou Bybel te lees nie – nou is juis die tyd om by Hom raad te soek. Neem veral tyd om deur die Psalms te lees. Waar dit nodig is, praat met jou vriende, maar praat meer

met God. Op die ou end vind ons ons vrede en troos in die Here self. Bly God vertrou, hoop op Hom, al verstaan jy nie alles nie en al is baie vrae steeds onbeantwoord.

- Pasop om sommer met God te begin onderhandel. Baie mense onderhandel met God en onderneem om as die Here hulle gesond sal maak, hulle 'n aantal dinge vir Hom sal doen. Moet dit nie doen nie. Gee jouself aan die Here oor en doen hierdie dinge sover moontlik in elk geval. Meer nog, soek na ander dinge wat die Here vir jou in gedagte mag hê. Moenie vaskyk teen dit wat jý wil nie, maar soek Sý wil in hierdie situasie.
- Baie mense, veral die wat hulleself onvoorwaardelik aan God oorgegee het, getuig daarvan dat hulle siekte hulle nader aan God gebring het en dat hulle die sin van die lewe beter verstaan het. Dit is belangrik om die Here te vra waarom Hy hierdie siekte in jou lewe toegelaat het. Soms gee die Here nie dadelik 'n antwoord nie en soms gee Hy dit nooit nie. Maar bid steeds en vra Hom.
- Die duiwel is 'n mensemoordenaar en sal probeer om jou lewe te vernietig. Wanneer jy aan 'n ongeneeslike siekte ly, sal hy ook probeer om jou geestelik dood te maak. Weerstaan hom. Moenie aan sy leuens toegee nie en weet dat hy telkens sal probeer om jou vreugde te steel en jou passief en moedeloos te maak.
- Al ly jy aan 'n ongeneeslike siekte, is dit belangrik om te onthou dat dit nie die dood is nie. Almal gaan dood. Almal ly as't ware aan 'n "ongeneeslike" siekte. Dit is uiters belangrik dat jy die lewe wat God jou gee, sal lewe – voluit sal leef. Leef die lewe wat God in jou plaas ten volle. Dit is áltyd jou keuse hoe jy gaan lewe, of jy nou gesond is of aan 'n ongeneeslike siekte ly.
- Om aan 'n ongeneeslike siekte te ly, beteken nie dat God jou straf vir iets wat jy verkeerd gedoen het nie. God het nie Sy rug op jou gedraai nie. Hy weet van jou, Hy is steeds onvoorwaardelik lief vir jou. Jy moet egter vir God vra of daar dinge in jou lewe is wat tussen jou en Hom staan – nader tot Hom, breek met enige sonde.
- Gebruik jou ongeneeslike siekte om uit te reik na ander wat ook aan ongeneeslike siektes ly en vra die Here hoe om hulle te help en te bemoedig.

Neem hierdie riglyne en omskep dit in gebedsversoeke en gebedsriglyne om vir jouself of iemand anders wat aan 'n ongeneeslike siekte ly, te bid.

Maandag 12 Oktober 2009

Gebedsfokus op redding: Smouse

Hulle het klein matjies met items om op die sypaadjie te verkoop of hulle keer jou by die verkeerslig voor. Hulle is snaaks en meestal geesdriftig. Onthou om vir hulle redding te bid wanneer jy weer by hulle verbyry, dat hulle Christus sal ervaar wanneer hulle met Christen-motorbestuurders te doen het en dat dit hulle harte sal aanraak om ook meer oor Hom te wete te kom.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 12 – Sjina se ekonomie brei uit: Sjina se ekonomie is een van dié wat die vinnigste groei ter wêreld. Dié ekonomiese uitbreiding ken geen grense nie, met Sjina se invloed wat reeds strek tot in Afrika, Australië, Brasilië, Argentinië, die VSA en Europa. Bid dat die God van die hemel, die Een wat as Allerhoogste oor alle nasies regeer, die internasionale impak van Sjina sal lei en vorm, soos Hy eenkeer Rome en Griekeland gevorm het. Bid ook dat Sjina as 'n supermoondheid 'n instrument in God se hand sal wees t.o.v. nasies met wie Sjina ekonomiese bande het.

Dinsdag 13 Oktober 2009

Gebedsfokus op korrupsie: Krisis verhoog witboordjiemisdaad

Forensiese ouditeure sê witboordjiemisdaad wat bedrog, korrupsie, manipulasie van eise vir uitgawes en geknoei van finansiële state insluit, is aan die toeneem namate die ekonomie verswak. (Webruimte: http://www.fin24.com/articles/default/display_article.aspx?Nav=ns&ArticleID=1518-25_2478091). Bid asseblief vir mense wat hulle tot misdaad wend uit desperaatheid om vir hulle gesinne te sorg. Vra dat hulle Christus as hulle hoop in alle omstandighede sal behou en nie in misdaadstrikke sal trap nie.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 13 – Henan- en Heilongjiang-provinsie
Die **Henan-provinsie** (in die 1960's tot "ateïstiese gebied" verklaar) in Sentraal-Sjina het 'n bevolking van 95 400 000. Daar kom baie oorstromings en veranderinge in rivierlope voor wat lei tot baie sterftes. Die Moslems is 1% en Christene 10,4%. Mao se rampspoedige planne en wetgewing het tot gevolg gehad dat 8 miljoen Henanese as gevolg van hongersnood gesterf het. Herlewing het begin met massabekerings, wonderwerke en 'n visie om Sjina te evangeliseer. Uitreike vanuit die Henanese gemeentes is een van die wonderlike verhale oor die uitbreiding van die Christendom. Dank God vir hierdie getuienisse. Hou aan bid vir voortdurende groei. Die **Heilongjiang-provinsie** met 'n bevolking van 38 805 000 grens aan Siberië in die noorde en het groot natuurlike hulpbronne. Sjamanisme en Boeddhisme is algemeen onder die inheemse volke. Die Moslems is 0,4% en Christene 5,3%. Bid vir volwassenheid en stabiliteit sowel as die voorsiening van godvresende leiers. Die meeste van die kleiner inheemse Mongoolse en Altaïese volke is Sjamanisties en daar is min Skrifgedeeltes of ander media vir hierdie groepe in hul eie tale. Bid asseblief dat die Bybel spoedig vir hulle vertaal sal word! (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Woensdag 14 Oktober 2009
Gebedsfokus op Sending: Wêreldevangelisasie
Meer as 4 000 Christenleiers sal vir 10 dae in Oktober 2010 in Kaapstad bymekaarkom en o.a. besin oor hoe om die groot struikelblokke tot wêreldevangelisasie te oorkom. Hulle vertrou op God vir deurbrake in ses hoofareas: Om die uniekheid van Christus uit te beeld in 'n wêreld waar baie kompromieë aangegaan word; godsdienstige fundamentalisme; struikelblokke binne die Kerk in die pad van wêreldevangelisasie; die skuif van die Kerk in die wêreld van Noord na Suid en Wes na Oos; die ontwikkeling van 'n teologie van lyding en versoening; en die bou van nuwe vennootskappe om die Kerk te help vooruitgaan in die onafgehandelde taak van wêreldevangelisasie. (Webruimte: http://www.worldevangelicals.org/news/article.htm?id=2409&cat=press). Bid vir die voorbereidings van hierdie konferensie en vir God se wysheid om te weet hoe om moeilike kwessies aan te pak.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 14 – Hubei- en Hunan-provinsie
Die **Hubei-provinsie** met 'n bevolking van 60 653 000 is 'n provinsie met baie mere en goed-ontwikkelde landbou. Die Moslems is 0,2% en Christene 1,3%. Die Kerk het voor 1949 aansienlik gegroei, maar sedertdien het dit afgeneem. Die owerhede oefen streng beheer oor kerke uit – veral in die stede en gevolglik is daar relatief min geregistreerde kerke. Bid dat die politieke, ideologiese en geestelike kettings waardeur die mense gebind word, verbreek sal word. Die **Hunan-provinsie** is in Sentraal-Sjina en het 'n bevolking van 66 895 000. Die Moslems is 0,1% en Christene 2,4%. Dit is Mao se tuisprovinsie en Maoïsme is gevolglik hier steeds baie sterk. Hunan is Sjina se Han Sjinese bevolking wat waarskynlik die meeste weerstand teen die evangelie bied. Bid dat die geestelike hindernisse verwyder sal word en dat hierdie mense tot geloof in Christus sal kom. (Webruimte: http://operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Donderdag 15 Oktober 2009
Gebedsfokus op gesondheid: Afname in vroulike bevolking
In 1999 was daar 1,1 miljoen meer vroue as mans in Suid-Afrika. In 2008 was daar net 106 000 meer. (AMPS 1999, AMPS 2008B). (Webruimte: http://www.eighty20.co.za/databases/index.cgi of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Vroue kry makliker MIV/VIGS as mans en dit mag een rede vir die afname wees. Bid asseblief vir vroue se veiligheid, veral mense wat siektes opdoen a.g.v. verkragting, molestering of mishandeling. Vra ook dat hulle geleenthede sal kry om Christus te ontmoet.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 15 – Binne-Mongolië Onafhanklike Gebied & Jiangsu-provinsie
Die **Binne-Mongolië Onafhanklike Gebied** (Nei Mongol) is 'n onvrugbare grasland en woestyn wat aan Mongolië grens en het 'n bevolking van 23 928 000. Die Christene is 4,7%. Die Mongole het 'n minderheid in hulle eie land geword as gevolg van die reuse-immigrasie van Han Sjinese. Min het Christene geword. Bid vir werkers vir hierdie oes; vir die vertaling en druk van die Nuwe Testament in die Mongoolse vertikale skrif en dat meer kerke geplant

sal word. Die **Jiangsu-provinsie** is in die vrugbare kusprovinsie wes van Sjanghai geleë en het 'n bevolking van 73 866 000. Die Moslems is 0,2% en Christene 7,6%. Kerkgroei sedert 1980 was skouspelagtig. Bid dat geen plan of aanval deur die Bose daarin sal slaag om daardie groei te verhinder nie. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Vrydag 16 Oktober 2009

Gebedsfokus op basiese behoeftes: Wêreldvoedseldag

Dit is vandag Wêreldvoedseldag (wat in 1979 amptelik erken is), 'n wêreldwye viering van die stigting van die Voedsel-en-landbou-organisasie (VLO) van die Verenigde Nasies. Meer as 150 lande gebruik hierdie dag om te fokus op mense wat nie behoorlike voeding kry nie. Daar is meer as 850 miljoen mense in die wêreld wat ondervoed is en die getal neem steeds toe. Voedselpryse het aansienlik gestyg en is 'n belangrike faktor in die groei van hongersnood en armoede wat so baie mense regoor die wêreld affekteer. (Webwerf: http://www.wn.org/site/c.coIELNOsGpF/b.4669503/). Bid vir doeltreffender maniere om voedsel eweredig te versprei, veral aan diegene in nood (daar is genoeg voedsel in die wêreld) en vir toegang tot skoon water (besoedelde water is 'n belangrike oorsaak van sterftes).

Gebedsfokus op Sjina: Dag 16 – Jiangxi- en Jilin-provinsie

Die **Jiangxi-provinsie** in Suid-Sentraal-Sjina het 'n bevolking van 42 654 00, waarvan 4,7% Christene is. Die groot kommunistiese opmars het hier begin ('n opmars wat geëindig het met die politieke oorwinning vir kommunisme, maar 'n ontsaglike ramp vir Sjina). Die verwoesting van daardie tyd het steeds 'n uitwerking op Jiangxi. Bid dat hierdie provinsie bevry sal word van alles wat teen God gekant is. Daar is sommige areas waar Christene vermeerder het, maar baie dele van die provinsie is relatief min geëvangeliseer. Die **Jilin-provinsie** grens aan Noord-Korea en Siberië en het 'n bevolking van 27 153 000. Baie Koreane beoefen 'n mengsel van Boeddhisme en Sjamanisme. Die Moslems is 0,5% en Christene 5,7%. Feitlik 'n derde van die 2,1 miljoen Koreane in Liaoning-, Jilin- en Heilongjiang-provinsie is Christene. Dank God hiervoor. Bid dat die Kerk sal vermenigvuldig en dat hierdie Christene 'n rol sal speel in die herstel en herevangelisasie van Noord-Korea. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Saterdag 17 Oktober 2009

Gebedsfokus op gebedsmobilisasie: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vandag vir die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* se verskillende projekte regoor die land. Bid dat meer individue en groepe by die gebedstaakspan sal aansluit en sal inteken op die gedrukte boekie en die weeklikse *Global Prayer Alert* om op hoogte te bly van gereelde gebedsverwante nuus en gebeure. Bid dat gebedskoördineerders regoor die land met God-geïnspireerde ywer sal werk en vir guns in hulle pogings om ander entoesiasties te maak om in hulle stede/dorpe betrokke te raak by gebed. Bid asseblief vir intekengeleenthede in ander lande, veral deur middel van die Internet. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op Sjina: Dag 17 – Liaoning-provinsie en Ningxia Hui Onafhanklike Gebied Die **Liaoning-provinsie** grens aan die Geel See en Noord-Korea en het 'n bevolking van 42 863 000. Die Moslems is 0,7% en Christene 5,1%. Meer as 20% van die Christene in die provinsie is Koreane. Die Xibeane is 'n Altaïes-Tungus volk wat tot 'n groot mate in die Sjinese kultuur opgeneem is, maar sover bekend is slegs 'n handjievol Christene. Bid vir deurbrake vir die evangelie onder hierdie mense. Die **Ningxia Hui Onafhanklike Gebied** is langs die Geelrivier in Noord-Sjina geleë, met 'n bevolking van 5 410 000. Die Moslems is 34% en Christene 3,9%. Die Hui is 10,6 miljoen. Daar is ongeveer 200 Gelowiges onder hulle. Bid dat plaaslike Christene in elke stad regoor Sjina 'n las sal hê om hierdie mense te bereik en vir gewilligheid om ondoeltreffende benaderings te verander sodat hulle effektief sal wees. Bid dat hierdie Christene effektiewe, godvresende leiers en ook goeie literatuur sal kry – aan albei is daar 'n tekort. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Sondag 18 Oktober 2009

Sake van die hart: Wees werklik ontvanklik vir teregwysing

In **Esegiël 33:31** sê God die volgende woorde vir Israel: *hulle kom na jou toe asof dit 'n volksoptog is, hulle gaan sit voor jou, hierdie volk van My, en hulle hoor wat jy sê, maar hulle doen nie wat jy sê nie. Al wat hulle doen, is om aan die begeertes toe te gee waaroor hulle gedurig praat; hulle is net uit op wins vir hulleself*. Christene het talle geleenthede om die Woord van God te hoor, soos bv. d.m.v. boeke, televisie, kerke of konferensies. Ons begin onbewustelik dienste, uittreksels uit boeke, e-posse en dit wat ons oor die radio hoor, met mekaar vergelyk. Kort voor lank vind ons dat ons nie die eintlike boodskap wat van God na ons toe kom, ter harte neem nie. Ons praat met mekaar oor God se woorde en boodskappe. Maar laat ons toe dat hierdie woorde en boodskappe ons harte en gedagtes deurdrenk soos toe ons jong Gelowiges was? Laat ons toe dat dit ons denke regstel? Of is ons net soos die wat ander beskuldig? Mag ons harte nie hoogmoedig word nie, want God verhoog die nederige! (**Ps.138:6**). Wil jy nie vandag tyd maak om jou hart voor God te ondersoek nie? Moenie jouself met ander vergelyk nie, soek God se aangesig en laat Hy jou ondersoek.

Vader, vergewe my asseblief, want my hart het verhard en ek het weinig meegevoel, en my mond sê aanmatigende dinge (**Ps.17:10**). *Ek stel myself vandag voor U en ek maak weer my hart vir U oop. Wys my tereg en wys my U weë. Help my weer eens om gewillig en in staat te wees om U wil te doen.*

Maandag 19 Oktober 2009

Gebedsfokus op Redding: Verkoopsagente

Jy sien hulle in supermarkte waar hulle besig is om hulle maatskappy se produkte en rakspasie na te gaan of waar hulle in 'n restaurant sit, besig om 'n besigheids- of bemarkingsplan voor te lê. Die hele dag moet hulle mense oorreed om hulle produk te koop sodat hulle 'n inkomste kan verdien. Wanneer jy hulle sien, bid dat hulle Jesus Christus as hulle Redder en Koning sal vind. Vra dat hulle Gelowiges soos jy sal ontmoet wat die liefde van God op 'n vriendelike manier aan hulle sal bedien.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 19 – Sendingwerk deur Sjina floreer: Die ondergrondse Kerk in Sjina het 'n sterk visie "om die evangelie terug te neem na Jerusalem". Sjina lê op die oostelike eindpunt van die antieke Sy-roete. Die pad vir die evangelie terug na Jerusalem gaan deur lande soos Kzakhstan, Afghanistan, Iran, Irak en Sirië – almal nasies onder Islamitiese heerskappy. Bid dat die Sjinese Kerk hierdie visie sal uitleef en dat die evangelie hierdie antieke vestings van Islam sal binnedring. Bid verder vir die voorbereiding van die Sjinese as 'n "sendingnasie" en dat die Here van die oes arbeiders uit Sjina na die oesland sal stuur.

Dinsdag 20 Oktober 2009

Gebedsfokus op die jeug: Tieners en MXit

Die nuus dat 'n 13-jarige meisie (wat gesê het dat baie van haar maats dieselfde doen), naakfoto's van haarself oor MXit verkoop het, het die polisie aangespoor om 'n bewusmakingsveldtog van stapel te stuur oor die moontlike gevare van hierdie boodskapdiens. Nadat die man haar betaal het, wou hy haar ontmoet. Haar ma het blykbaar gesien hoe sy vinnig en agteraf probeer het om boodskappe van haar selfoon te vee en uitgevind wat aan die gang was. (Webruimte: http://www.news24.com/News24/South_Africa/News/0,,2-7-1442_2475507,00.html). Bid dat kinders die gevare daarvan sal besef om met vreemdelinge kontak te maak, beide fisies en deur media soos MXit. Bid ook dat ouers meer ingelig sal wees oor wat hulle kinders doen met moderne tegnologie. Bid vir goeie kommunikasie tussen ouers en hulle kinders.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 20: Qinghai- en Shaanxi-provinsie

Die **Qinghai-provinsie** is 'n groot, hoë bergagtige woestynprovinsie in Wes-Sjina op die Tibettaanse Plato en het 'n bevolking van 5 098 000. Die Moslems is 16% en Christene 2,3%. Die onbereiktes: a) Die Tibettane is sterk gevestig in hulle Lamaïstiese Boeddhisme. Daar is nou 'n handjievol geïsoleerde Christene. Bid vir oop harte en

verlossing van bindinge. b) Bid vir die Tu en Mongour, wat Lamaïstiese Boeddhiste is en, sover bekend is daar geen Gelowiges nie. Hulle is geïsoleer van bestaande uitreike. c) Vra vir deurbrake onder die talle Moslem Hui. Daar is 'n handvol Christene, maar min getuig teenoor hulle. d) Roep spesifiek tot God vir deurbrake onder die Moslem Salar en Bonan, wat heeltemal onbereik is. Die **Shaanxi-provinsie** is in noordsentraal-Sjina met 'n bevolking van 36 828 000 en is bekend vir die terracotta-beeldjies wat daar opgegrawe is. Die Moslems is 0,4% en Christene 4,5%. Shaanxi was die geboorteplek van die Christendom in Sjina. Verskriklike vervolging het hierdie getuienis uitgevee. Bid dat die 21ste eeu die eeu van triomf vir die Kerk sal wees. Die Kerk het dramaties gegroei sedert 1949. Bid vir geestelike eenheid onder Shaanxi Christene en dat hulle die evangelie aan die volgende generasie sal oordra. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Woensdag 21 Oktober 2009

Gebedsfokus op verslawing: Dwelmmisbruik aan die toeneem

Dwelmgebruik onder Suid-Afrikaners het die afgelope twee jaar toegeneem. Ongeveer 9% van die Suid-Afrikaanse bevolking van 47 miljoen gebruik dagga. Ons gebruik ook dubbel die hoeveelheid dagga, kokaïne en tik (amfetamine) in vergelyking met die wêreldgemiddeld, en dit beloop ongeveer R20 miljard per jaar. Slegs 17 000 Suid-Afrikaners ontvang behandeling vir dwelm- en/of alkoholverslawing per jaar. (Webruimte: http://www.news24.com/Beeld/Suid-Afrika/0,,3-975_2473057,00.html). Bid dat mense hulle verslawing sal erken, hulleself sal laat opneem vir behandeling en sal kies om hulle lewens te verander. Bid dat duisende in dié proses Christus sal vind.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 21: Shandong-provinsie en Shanghai-munisipaliteit

Die **Shandong-provinsie** is 'n noordelike kusprovinsie met 'n bevolking van 90 928 000. Die Moslems is 0,4% en Christene 3%. Shandong was die geboorteplek en tuiste van *Confucius*, wie se filosofie en geskrifte tot vandag toe 'n enorme invloed op die Sjinese kultuur het. Bid dat die Sjinese bevry sal word van die sosiale eise (soos familie verpligtinge) wat baie verhinder om Christus te vind. *The Jesus Family,* 'n merkwaardige vorm van kleingroep (*fellowship*) Christenskap, het in hierdie provinsie begin. Hulle het 'n groot invloed gehad op die stigting van die huiskerkbeweging, waarvan hulle vandag deel is. Bid vir die geestelike groei van die inheemse Christendom en dat die Skrif sentraal in hulle lewens en lering sal wees. Die **Sjanghai-munisipaliteit** is Sjina se grootste en rykste stad (naas Hongkong) en die industriële hart van die land, met 'n bevolking van 14 773 000. Die Moslems is 0,4% en Christene 9,6%. In 1950 was daar 'n veelsydige en effektiewe kerklike lewe met 256 gemeentes, maar alles is tydens die Kulturele Revolusie vernietig. Bid dat gemeentes die vryheid sal hê om te groei en te vermenigvuldig. Bid dat die stad se dryfkrag, rykdom en gesofistikeerdheid ingespan sal word vir die verspreiding van die evangelie. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Donderdag 22 Oktober 2009

Gebedsfokus op rentmeesterskap: SA se wateraanvraag oorskry die aanbod

Suid-Afrika se waterprobleme is aan die toeneem namate die aanvraag die aanbod oorskry. Afgesien hiervan is die plaaslike water nie oral veilig om te drink nie. (Webruimte: http://www.news24.com/News24/South_Africa/News/0,,2-7-1442_2473081,00.html). Bid hiervoor en vra God vir guns om genoeg reën te stuur om die damme en riviere te vul. Bid ook vir deurbrake met die suiwering van besoedelde water – dat die nodige infrastruktuur vinnig opgerig sal word en dat daar gekwalifiseerde siviele ingenieurs sal wees om die werk te doen.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 22: Shanxi- en Sichuan-provinsie

Die **Shanxi-provinsie** met 'n bevolking van 32 251 000 is in Noordoos-Sjina, wes van Beijing en moet nie met die aangrensende Shaanxi verwar word nie. Moslems is 0,2% van die bevolking en Christene 3,4%. In die Boxer Rebellie van 1900 het baie Christenmartelare gesterf – duisende Sjinese, asook 159 buitelandse sendelinge en 46 kinders net in Shanxi alleen. Bid dat die saad wat deur hulle dood gesaai is daartoe sal lei dat baie Sjinese vandag vir Christus sal volg. Datong het 'n baie lae persentasie Christene en is histories 'n sterk Boeddhiste vesting. Bid

dat geestelike vestings afgebreek sal word. Die **Sichuan-provinsie** is 'n groot rysproduserende provinsie langs die Yangtze-rivier, ook bekend as die "pandaprovinsie", met 'n bevolking van 87 681 000. Die Lamaïstiese Boeddhiste is 4% onder Tibettane, Jiarong, Mosuo en Chrame. Animisme en politeïsme word beoefen onder die Nosu, Bai Ma, Qiang en Miao.
Die Christene is 1,4%. Sichuan het tot onlangs die laagste persentasie Christene van die Han-meerderheid provinsies gehad. Bid vir deurbrake en dat miljoene hulle tot Christus sal bekeer. Etniese inheemse minderhede in Sichuan staan op 4 miljoen in 44 volksgroepe, maar onder 33 hiervan is daar geen Christene nie en sover bekend is daar geen uitreik na hulle nie. Bid dat daar spoedig arbeiders vir hierdie oes sal wees. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Vrydag 23 Oktober 2009

Gebedsfokus op sending: *World Mission Centre (WMC)*

Hierdie Suid-Afrikaans gebaseerde sendingorganisasie se *Live School* bediening het die visie om een miljoen Christenwerkers op te lei met spesiale klem op werkers wat op plekke woon waar hulle geen toegang tot sendingopleiding het nie. Die doel is om uiteindelik te sien dat 100 000 opgeleide persone die Mins Bereikte Mensegroepe van die wêreld bereik. *WMC* personeel werk onder druk om die Swahili-vertaling teen einde Oktober te voltooi om in November in Tanzanië bekendgestel te word. Bid vir God se krag en genade om die werk te voltooi. (*Live School*. Posbus 35545, Menlopark, 0102. Tel: +27 12 3431165, faks: +27 12 3431167. Webruimte: www.liveschool.org of e-pos: info@liveschool.org).

Gebedsfokus op Sjina: Dag 23: Tianjin-munisipaliteit en Tibet: Xizang Onafhanklike Gebied

Die **Tianjin-munisipaliteit** is die hawestad van Beijing met 'n bevolking van 9 883 000. Die Moslems is 1,8% en Christene 2,3%. Die Kerk word byna net so streng beheer soos in nabygeleë Beijing, en kerkgroei is beperk. Bid vir verligting van die streng beperkings en vir meer kerkgroei ten spyte van vervolging. Die **Tibet - Xizang Onafhanklike Gebied** met 'n bevolking van 2 500 000, is die dor Tibettaanse plato noord van die Himalajagebergte, waarvan die grootste gedeelte onbewoon is en sluit berg Qomolangma (Everest) in, wat dikwels die "Dak van die wêreld" genoem word. Die Lamaïstiese Boeddhiste is 80%, Moslems 0,2% en Christene 0,2%. Na skatting het meer as een miljoen mense gesterf toe Sjina die land in 1950 binnegeval het en 'n verdere 100 000 is waarskynlik gedwing om in ballingskap te gaan, insluitend die geestelike en politieke leier van die Tibettane, die Dalai Lama. Bid dat Gelowiges betrokke sal wees by die versoenings- en helingsproses van hierdie nasie. Tibettaanse Boeddhisme het 'n sterk houvas op die mense, met 1 780 monnikekloosters en ten minste 46 000 Boeddhistiese monnike. Bid vir hulle; die huidige swaarkry is dalk God se manier om geestelike vryheid vir Tibettane te bring. Bid vir oop deure en vryheid om die evangelie te verkondig en dat klein gemeentes onder hulle gestig sal word. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Saterdag 24 Oktober 2009

Gebedsfokus op sending: SA sendelinge oorsee

Bid vir duisende Suid-Afrikaners wat buitelandse sendelinge is, van hulle werk in geslote lande. Bid spesifiek vir dié wat ver van hulle families af is. Vra vir God se guns en seën op hulle werk, gesinne, huwelike en verhoudinge met ander Gelowiges. Bid vir goeie finansiële ondersteuning, vir tyd en aangename plekke om te rus en te herstel en om God se teenwoordigheid in hulle verhouding met Hom te ervaar. Vra dat God hulle visie en werk sal bevestig en duidelik met hulle sal praat oor hulle doel in daardie lande.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 24: Xinjian Uygur Onafhanklike Gebied en Yunnan-provinsie

Die **Xinjiang Uygur Onafhanklike Gebied** is omring deur die berge van die Taklamakan-woestyn in noordwes-Sjina, en het 'n bevolking van 17 582 000. Die Moslems is 65,1%, Lamaïstiese Boeddhiste 1,5% en Christene 2,2%. Feitlik al die inheemse volke is Moslem en onbereik. Bid vir arbeiders vir hierdie oes, vir die voltooiing en verspreiding van die Nuwe Testament en ook vir die verspreiding van die *JESUS Film* in Uygur. Vra ook dat nuwe kerke onder hulle geplant sal word. Die **Yunnan-provinsie** is in Sjina se bergagtige suidweste met 'n bevolking

van 42 030 000. Boeddhisme, animisme, voorvaderaanbidding en politeïsme word hier aangetref. Die Moslems is 1,5% en Christene 5,3%. Yunnan is vanuit 'n etniese oogpunt Sjina se mees gekompliseerde provinsie. Yunnan se inheemse minderhede, gereken op 16 miljoen (208 etniese taalgroepe), is 'n reusagtige uitdaging vir die Kerk in Sjina en die wêreld. Ongeveer *205 volksgroepe het geen getuies* en geen Christene nie en 'n verdere 47 het minder as 1% Christene. Baie hang politeïsme aan of is Boeddhiste. Die armoede van plaaslike Gelowiges en reisprobleme vertraag enige pogings om hulle te bereik. Roep tot die Here vir deurbrake vir die evangelie in hierdie moeilike provinsie, en dat struikelblokke oorkom sal word. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Sondag 25 Oktober 2009

Sake van die hart: Verootmoedig jou doelbewus

Toe Nebukadnesar hoogmoedig geword en sy gees verhard het van trots, is hy sy koninklike troon ontneem. Sy seun Belsasar het, ten spyte daarvan dat hy alles geweet het wat met sy vader gebeur het, nie sy hart nederig voor God gehou tydens sy heerskappy as koning nie. Dieselfde nag dat God hom gewaarsku het, is hy doodgemaak (**Dan.5**). As ons in invloedryke posisies is, bestaan die gevaar dat ons kan dink dat ons onaantasbaar is of dat ons beter as ander mense is. As ons harte hoogmoedig raak, beïnvloed dit ook ons geestelike toestand. Dit is daarom belangrik om jou hart gereeld voor die Here te ondersoek. Een feit moet egter duidelik bly; dit maak nie saak hoe hard ons gewerk het om 'n sekere posisie te kan beklee nie, dit is steeds God se guns wanneer ons hoegenaamd enige gesagsposisie verkry (**Rom.13:1**). Dit help ons om goed te verstaan waarom ons nederig voor Hom moet bly, of dit nou in 'n pos in die regering, by die werk of as ouers by die huis is. Maak vandag tyd om God te vra om jou die dinge in jou hart te wys wat nie vir Hom aanneemlik is nie. Wees eerlik genoeg om dit te erken as die Heilige Gees jou iets wys wat nie reg is nie. Maak reg wat verkeerd is en let op hoe jou gedrag ander om jou beïnvloed.

Vader, ek bely dat my hart nie heeltemal nederig voor U is nie, veral met betrekking tot die gesagsposisie wat U my gegee het. Vergewe my waar ek mense te na gekom het, myself voorgehou het as verhewe en beter as ander, en U, my Hemelse Vader, buite rekening gelaat het. Ek verootmoedig myself weer vandag voor U; leer my asseblief ware nederigheid en hoe om 'n man/vrou na U hart te wees.

Maandag 26 Oktober 2009

Gebedsfokus op redding: Boere

Die verantwoordelikheid om praktiese sake en die plaaswerkers op 'n plaas te bestuur, en om te alle tye wyse besluite te neem, is groot. Soms misluk oeste, lewende hawe word gesteel of doodgemaak of boere word op hulle plase aangeval. Bid vandag vir boere, dat hulle die hoop vir hulle toekoms in Jesus Christus sal vind en Hom sal aanroep in alle omstandighede, hetsy goed of sleg. Vra dat God hulle sal bemoedig wanneer hulle moed verloor en hulle sal wys hoe om te alle tye wyse besluite te neem. Bid dat boere en werkers mekaar in Christus sal vind en na mekaar sal omsien.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 26 – Die Kerk in Sjina beïnvloed die hele wêreld

Daar is 'n groot verskil tussen die wêreldbeskouing van Oosterse en Westerse nasies. In die loop van die geskiedenis het dit tot baie misverstande tussen Oos en Wes gelei. Paulus het vir die gemeente in Kolosse gepreek (**Kol.3:11**) dat daar in die Kerk van Jesus Christus nie Griek of Jood is nie. Bid dat die Kerk wêreldwyd hierdie baie unieke roeping tot eenheid sal begin begryp. Bid vir 'n eenheid van visie en doel tussen die Kerk in Oosterse en Westerse nasies. Bid ook dat die Kerk in die Weste oop en ontvanklik sal wees om te leer by die Sjinese Kerk.

Sjinese neem oraloor hul intrek: God roep die Kerk op om saam met Hom in en deur nasies te werk om Sy wil te doen om almal met die evangelie te bereik. Elkeen van ons is geroep en verantwoordelik om ons naaste lief te hê, en dit sluit vreemdelinge rondom ons in (**Lev.19:34**). Baie Sjinese woon reeds in ander lande. Kyk of daar 'n

Sjinese gesin in jou omgewing woon na wie jy kan uitreik met Jesus se liefde. Help hulle welkom voel in die land en deel die evangelie met hulle. Nooi hulle om deel van julle vriendekring te word en so jou deel by te dra vir God se groter doel met Sjina.

Dinsdag 27 Oktober 2009

***Alpha* kursus in Suid-Afrika**

Bid dat al die mense wat aan 'n *Alpha* kursus in Suid-Afrika deelneem, geestelik sal groei en die roeping wat God vir hul lewens het, sal vind. Bid asseblief ook vir Sheldon Delport wat by Peter Sutton oorneem as die nasionale direkteur van *Alpha SA*. Hou aan om vir Peter te bid aangesien hy nou sal fokus op die baie belangrike werk in gevangenisse. Bid asseblief vir finansiële ondersteuning sodat daar voortgegaan kan word met die werk van *Alpha*. (*Alpha SA*, webruimte: www.alphasa.co.za of e-pos: communications@alphasa.co.za).

Gebedsfokus op Sjina: Dag 27: Zhejiang-provinsie

Die **Zhejiang-provinsie** is die florerende kusprovinsie suid van Sjanghai met 'n bevolking van 45 152 000. Sekularisme en tradisionele Sjinese godsdienste is hier oorheersend. Die Moslems is 0,3% en Christene 11,2%. Wenzhou word soms die Jerusalem van Sjina genoem. Meer as 30% van sy bevolking is Christene. In baie landelike gebiede is daar elke paar kilometer 'n prominente kerkgebou wat in volle gebruik is. Baie van hulle kerkgeboue is in 2000 verwoes in 'n poging om alle ongeregistreerde Christene te verwyder. Zhejiang-huiskerke het baie gedoen om ander dele van Sjina te evangeliseer deurdat Gelowige trekarbeiders uitgestuur is om die evangelie aan ander te bring en om kontak te maak met die wat soekend is. Bid dat hierdie visie sal groei. Bid dat die aanslae van hulle wat teen die evangelie gekant is, sal misluk en dat die skuldiges tot bekering sal kom. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Woensdag 28 Oktober 2009

Gebedsfokus op kindermishandeling: Aanlyn-kinderpornografie vererger

Die *Internet Watch Foundation (IWF)* het berig dat die aantal webruimtes wat afgryslike beelde van kindermarteling of verkragting bevat, met 11% gestyg het. Hulle het gevind dat 58% van die webruimte oor seksuele mishandeling van kinders wat in 2008 nagespoor kon word, grafiese beelde bevat het wat marteling insluit, in vergelyking met 47% in 2007. Ondersoekers het verlede jaar 1 536 webruimtes regoor die wêreld nagespoor wat beelde van kindermishandeling gepubliseer het, 'n afname van 10% teenoor die vorige jaar. (Webruimte: http://news.sky.com/skynews/Home/World-News/). Dank God vir elke deurbraak wat in verband met kinderpornografie gemaak word. Kom ons hou vol om te bid dat hierdie handelsvorm heeltemal gestop sal word. Ook dat die "klante" God sal vind en bevry sal word van hulle verslawing.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 28: Hongkong Spesiale Administratiewe Gebied

Die **Hongkong Spesiale Administratiewe Gebied** is 'n bergagtige skiereiland met 230 eilande aan die kus van Guangdong-provinsie van die Demokratiese Republiek van Sjina. Dit het 'n bevolking van 6 965 000. Daar word gehou by godsdiensvryheid in 'n sekulêre staat, soos deur die *Basic Law* gewaarborg. Die Sjinese/Boeddhiste is 66,13%, nie-godsdienstig 18,25%, Christene 10,05%, Moslems 1,50% en Hindoes 0,25%. Die uitdagings van die Hongkong Kerk: *a) Die behoefte aan vernuwing en herlewing. b) Toenemende rykdom en materialisme,* wat geestelike toewyding ondermyn. *c) Verdeeldheid oor leerstellinge.* Eenheid is bevorder deur pastore wat saam bid. Bid dat kerke sal verenig in gebed, evangelisasie en sending. Kerkleiers met volwassenheid is redelik skaars. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Donderdag 29 Oktober 2009

Gebedsfokus op evangelisasie: Groei van *Alpha* in Suid-Afrika

Die *Alpha* Evangelisasiekursus word reeds die laaste 14 jaar in Suid-Afrika aangebied en het bestendig gegroei. Daar is nou net minder as 3 000 *Alpha* kursusse wat in 38 lande regoor Afrika aangebied word, 'n direkte

antwoord op gebed! Dank God vir elke lewe wat verander is. Bid asseblief dat nuwe en jong Gelowiges sal aanhou groei. Dra die verskillende *Alpha* kursusse aan die Here op: *Alpha* by kerke, *Alpha* vir gevangenisse, *Alpha* in die werkplek en die Huwelikskursus. (*Alpha SA*. Tel.: 012 998 8144. Webruimte: http://www.alphasa.co.za/ of e-pos: communications@alphasa.co.za).

Gebedsfokus op Sjina: Dag 29: Macau Spesiale Administratiewe Gebied

Die **Sjina, Macau, Spesiale Administratiewe Gebied** bestaan uit 'n klein skiereilandjie en twee eilande 64 km wes van Hongkong aan die kus van Guangdong-provinsie van Sjina, met 'n bevolking van 445 427 en inwoners geniet volle godsdiensvryheid. Die aantal nie-godsdienstig/ander is 60%, Sjinese godsdienste 19,7%, Boeddhiste 13,00% en Christene 7,3%. Macau het die twyfelagtige reputasie dat dit die eerste Christelike gebied in Asië is wat nie-Christelik geword het. Bid dat plaaslike leiers opgewek sal word om die Kerk te help groei om 'n invloed te hê op die res van Sjina en die wêreld. Dobbelary en prostitusie is baie winsgewend en word deur gewetenlose Triad bendes bedryf, wat oorlog voer vir beheer oor hierdie lonende "bedryf". Bid dat die weerstand wat mense verhinder om die Here te ontmoet, afgebreek sal word. Sendelinge van Hongkong en ander lande is hier betrokke by evangelisasie, kerkplanting, dwelmrehabilitasie en Bybelonderrig. Bid vir vrug op hulle werk. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Het jy geweet oor Sjina...

- In Kommunistiese Sjina kom vervolging grootliks voor in die vorm van regeringsbeperkinge, boetes en tronkstraf. Beperkinge word gestel op die maniere waarop Gelowiges mag aanbid, die aantal Bybels wat in die land mag wees, die uitleef van geloof en evangelisasie.
- Sjina verbied steeds godsdienstige opvoeding vir kinders onder 18.
- Die publikasie van Bybels en ander Christelike materiaal word beperk deur die Kommunistiese regering.
- Meer as 90% Sjinese Christene aanbid in ongeregistreerde huiskerke, daarom is dit moeilik om vas te stel wat die ware grootte van die Kerk in Sjina is. Skattings wissel van 60 tot 130 miljoen.
- Sjina stuur steeds Noord-Koreaanse vlugtelinge terug na hulle land, wat beteken dat hulle teruggaan na strafmaatreëls soos wrede strafkampe, ondervraging, gevangenisstraf vir familielede en die dood.

(Webruimte: http://members.opendoorsusa.org/site/DocServer/Church_Bulletin_Inserts.pdf?docID=3062).

Vrydag 30 Oktober 2009

Gebedsfokus op misdaad: SMS misdaad aanmelding

Dié *Misdaadlyn*-inisiatief word deur die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS)* onderskryf. As mense iemand daarvan verdink (selfs familie of vriende) dat hulle by misdaad betrokke is, kan hulle dit nou anoniem aanmeld. Daar sal op enige inligting oor misdadigers wat aan die *Misdaadlyn* gegee word, gereageer word – moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendelede, kindermolesteerders, ensovoorts. (Webruimte: www.crimeline.co.za). Dank God vir hierdie inisiatiewe in antwoord op baie gebede oor die jare! Bid dat mense bewus sal word van hierdie inisiatief, en dat baie misdadigers vir hulle dade tereg sal staan.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 30: Taiwan

Taiwan bestaan uit 'n bergagtige eiland 160 km oos van die Sjinese vasteland, die Penghu-eilandgroep en die Matsu- en Quemoy-eilande naby die vasteland. Dit het 'n bevolking van 22 401 000. Snelle ontwikkeling en ekonomiese groei het daartoe gelei dat dit een van die wêreld se mees dinamiese uitvoer-georiënteerde ekonomieë is. Hulle het geen regeringskuld nie. Die oorgrote meerderheid van die bevolking volg die unieke Sjinese vermenging van Boeddhisme, Taoïsme en Confucianisme. Boeddhisme het sterk gegroei in invloed en getalle. Geloofsgroepe: Sjinese godsdiens 43,2%, Boeddhisme 25%, nie-godsdienstig/ander 25,3%, Christene 6%, Moslem 0,35%. Taiwan is die enigste Han Sjinese bevolking in die wêreld waar daar nog geestelike deurbrake moet plaasvind. Bid dat elke struikelblok wat in die pad van mense staan om die evangelie te ontvang, uit die weg geruim sal word. Die Kerk se vernaamste uitdagings is: *a) Geestelike krag* om weerstand te bied teen

dobbel, diepgesetelde voorvaderaanbidding, opkomende materialisme en aggressiewe teenkanting van nie-Christelike godsdienste. Baie Christene is steeds slawe van voorvaderaanbidding, of leef in vrees daarvoor. *b) Halfhartige toewyding.* Min bekeerlinge word aktiewe lidmate van gemeentes, en die getal mense wat weer terugval, is baie hoog. Baie min Christene word sielewenners. Bid asseblief vir God se ingryping en dat mense honger sal word om God se wil te doen. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Saterdag 31 Oktober 2009

Nasionale Gebedsfokus: Onwettige immigrante

'n Paar miljoen mense in Suid-Afrika is onwettige immigrante – hulle kom hoofsaaklik van ander Afrikastate. (Webruimte: http://www.exploresouthafrica.net/facts/). Buiten vlugtelinge uit Zimbabwe, huisves Suid-Afrika ook heelwat vlugtelinge van ander lande. Hulle teenwoordigheid in sekere areas het tot xenofobiese aanvalle aanleiding gegee. Bid dat onwettige immigrante Christus sal ontmoet terwyl hulle hier is. Vra dat plaaslike gemeentes sal uitreik na immigrante wat in hulle omgewing bly.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 31 – Danksegging

Here, ons proklameer dat U die Here van die oes is, ook oor Sjina. Ons roep tot U vir U genade dat U ons gebede van die afgelope 30 dae sal beantwoord. Dankie dat U arm nie te kort is om te help nie en U oor nie te doof is om te hoor nie. Dankie dat U die mense van Sjina liefhet, en hulle harte aanraak met hernude ywer om U te soek en aan ander te verkondig wie U is.

Het u die volgende omtrent Sjina geweet?

- Vervolging in kommunistiese Sjina kom hoofsaaklik voor in die vorm van regeringsbeperkings, boetes en gevangenskap. Daar word beperkings geplaas op die maniere waarop Gelowiges kan aanbid, die getal Bybels in die land, uitlewing van geloof en evangelisasie.
- Sjina dwing steeds die ou beleid af wat godsdienstige opvoeding vir kinders onder die ouderdom van 18 verbied.
- Die publikasie van Bybels en ander Christelike materiaal (literatuur, DVD's, ens.) word deur die kommunistiese regering beperk.
- Meer as 90% van Sjinese Christene aanbid in ongeregistreerde huiskerke; gevolglik is dit moeilik om te weet wat die werklike grootte van die Christelike Kerk in Sjina is. Skattings wissel van 60 tot 130 miljoen.
- Sjina repatrieer steeds Noord-Koreaanse vlugtelinge na hulle eie land, na gewisse straf, insluitend wrede dwangarbeid in tronke, ondervraging, gevangenisskap van hulle familielede en die dood. (Webruimte: http://members.opendoorsusa.org/site/DocServer/Church_Bulletin_Inserts.pdf?docID=3062)

DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – NOVEMBER 2009

Sondag 1 November 2009

Sake van die hart: Stel jou hart in om op God te vertrou

Toe Gabriël vir Daniël in Babilon besoek het, het hy vir hom gesê: *Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou voor jou God verootmoedig het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede.* (**Dan.10:12**). Net soos Daniël wil ons almal sien dat groot en Goddelike dinge in ons land sal gebeur en ook dat mense na God sal terugkeer. Dit lyk soms onmoontlik dat net een persoon 'n groot verskil kan maak. Wanneer ons na langdurige en volgehoue gebed nie 'n duidelike antwoord van God kry nie, word ons soms beangs en wonder of die Here ons nie gehoor het nie en of Hy ons nie meer wil help nie omdat ons sondes so groot is. Die Here wil ons vandag bemoedig, as ons bereid is om ons hart op Hom te rig om insig van Hom te verkry en om ons voor Hom te verootmoedig; dan sal Hy ons hoor, en wel van die eerste oomblik af dat ons dit doen. Moenie mismoedig raak oor Suid-Afrika nie. Die Here was nog altyd 'n God wat die gebede verhoor van die wat aan Hom getrou is en Hy sal aanhou om dit te doen.

Vader, vergewe my vir die kere dat ek moed verloor en beangs geword het wanneer ek nie vinnig 'n duidelike antwoord van U gekry het nie. Ek buig myself vandag weer voor U neer en roep U aan ter wille van ons land en ons mense. Ons het almal voor U gesondig. Stort U Gees oor ons uit, en openbaar Uself aan ons. Help ons om in die lig van U heiligheid U insig oor ons sondes te verkry.

Gebedsfokus op die nasies: *ETHNE09*
ETHNE09 is die wêreldwye byeenkoms van die *Ethne*-beweging en vind in die eerste week van November in Colombia plaas. *Ethne* fokus in gebed op die bereiking van die mins-bereikte bevolkingsgroepe op aarde. Bid asseblief vir hierdie belangrike tyd waarin die werk van Here onder die oorblywende mins-bereikte bevolkingsgroepe bespreek word en God vir deurbrake geëer word. Die mins-bereiktes is groepe van alle groottes met minder as 2% evangeliese Gelowiges en minder as 5% volgelinge van enige vorm van die Christendom. Daar sal bepaal word hoeveel vordering gemaak is en besin word oor hoe om die groei van die getal Christene onder hierdie meer as 6 000 bevolkingsgroepe te versnel. (*Ethne* Prayer Updates, Webruimte: www.ethne.net of e-pos: ethne06-prayer@strategicnetwork.org).

Maandag 2 November 2009
Gebedsfokus op redding: Graad 12's
Graad 12-leerders het op 26 Oktober met die Nasionale Seniorsertifikaateksamen begin en die laaste vraestelle word op 4 Desember geskryf.
(Webruimte: http://www.artschool.co.za/NSC%20FINAL%20Table%20Nov%202009.pdf). Onthou om vir hulle in te tree, dat hulle op hulle studies sal fokus en hulle laaste vraestelle met dieselfde ywer sal afhandel as die eerstes. Bid dat hulle daarvan bewaar sal word om moedeloos te raak, selfmoord te probeer pleeg of in die eksamens te kul.

Wêreldvervolgingslys: Gebedsfokus op die *Vervolgde Kerk*
Meer as 200 miljoen Christene staar elke dag vervolging in die gesig. Hiervan is 60% kinders. Oor die volgende 30 dae sal ons in gebed fokus op die tien vernaamste lande waar Christene vervolg word, asook lande waar die situasie met betrekking tot vervolging verbeter het en ander lande waar dit versleg het. Die inligting is verkry uit *Geopende Deure* se World Watch List (WWL), wat saamgestel is uit 'n spesiaal ontwerpte vraelys met 50 vrae wat verskillende aspekte van godsdiensvryheid dek en waaraan punte toegeken word. Die totale getal punte per land bepaal sy posisie op die WWL. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Moedig asseblief u vriende, familie en lede van u gemeente en selgroep aan om hierdie maand elke week tyd opsy te sit om vir vervolgde Christene in die wêreld te bid.

Dinsdag 3 November 2009
Gebedsfokus op die jeug: Waarom kinders dwelms gebruik
Kinders beweer hulle gebruik dwelms omdat hulle verveeld is, dit hulle laat goed voel, hulle hulle probleme kan vergeet en kan ontspan, hulle volwasse voel, hulle onafhanklikheid bewys, lid is van 'n spesifieke groep en dit *cool* is, of omdat hulle deur hulle ouers verwaarloos word. As ouers dit weet, kan hulle beter toegerus wees om in hulle kinders se behoeftes te voorsien. As kinders aangemoedig word om by gesonde, opbouende aktiwiteite betrokke te raak, soos bv. sport, musieklesse, gemeenskapsdiensprojekte, ensovoorts kan dit hulle aktief en geïnteresseerd hou terwyl dit hulle selfvertroue opbou en ook hulle sosiale vaardighede ontwikkel. (Webruimte: http://www.yic.gov/drugfree/whykiduse.html). Bid hiervoor, ook vir ouers om meer betrokke te raak by hulle kinders se lewens. Bid dat ouers sal verstaan dat hulle kinders deur God aan hulle toevertrou is en dat kinders hulle kosbaarste besitting is.

Eerste op die Wêreldvervolgingslys 2009: Noord-Korea
Noord-Korea is vir die sewende agtereenvolgende jaar boaan die Wêreldvervolgingslys. Die aantal mense wat tot strafkampe gevonnis of in tronke opgesluit is, het sedert verlede jaar toegeneem. Noord-Korea maak sy deure toe

en Christene word aanhoudend vervolg. Hulle ly ontsettend omdat hulle verbied word om as Christene in dié land te leef. Daar bestaan geen godsdiensvryheid nie. Die grondwet is stewig op die Juche-ideologie gebaseer. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org.) Bid vir die Christene in Noord-Korea, dat hulle aan Christus getrou sal bly en dat hulle getuienis baie harte sal aanraak nieteenstaande die beperkings.

Woensdag 4 November 2009

Gebedsfokus op kinders: Aantal weggooi kinders neem toe

Volgens *Kinderwelsyn SA,* is 291 kinders gedurende die 2008/09 finansiële jaar weggegooi of verlaat, in vergelyking met die 162 van die vorige boekjaar. Daar bestaan verskillende redes hiervoor: tienerswangerskap, huisvesting, alkohol- en dwelmmisbruik, asook fisiese en seksuele misbruik. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=vn20090408105929187C161457). Bid vir weggooi-kinders en ook dat meer tehuise waar hulle versorg kan word, opgerig sal word. Bid dat die Here sal ingryp wanneer hulle in obskure plekke vir dood agtergelaat word, sodat hulle ook die geleentheid sal hê om te kan lewe en so Sy Naam kan eer.

Tweede op die Wêreldvervolgingslys 2009: Saoedi-Arabië

In Saoedi-Arabië, wat volgens die Sjaria-wette regeer word, het die betreurenswaardige toestand van godsdiensvryheid in 2008 oor die algemeen onveranderd gebly. Bekering tot 'n ander geloof vanuit die Moslemgeloof is strafbaar met die dood indien die aangeklaagde nie bereid is om sy Christenskap af te sweer nie. Vir Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond is dit ook 'n groot risiko dat hulle ter wille van hulle familie se eer om die lewe gebring kan word indien hulle familie of gemeenskap daarvan uitvind. Nie-Moslems wat aan Christelike bedrywighede deelneem, stel hulle bloot aan arrestasie, tronkstraf, aanranding, deportasie en soms marteling. Meer berigte as in die vorige jaar is van Christene ontvang wat gearresteer is as gevolg van hulle godsdienstige aktiwiteite. (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). Bid vir geestelike groei by Gelowiges en dat hulle standvastig sal bly in hulle navolging van Christus. Bid vir geleenthede om die evangelie te verkondig nieteenstaande vervolging.